KONTIKI
PREPRIMÊR
Posbus 28076 Danhof 9310 • Genl Hertzogstraat 100 Dan Pienaar Bloemfontein
051 436 3370 • kontikipps@telkomsa.net • www.kontiki.co.za • Visit us on Facebook

DIE PREPRIMêRE SKOOL
Norms en Verwagtinge

1. **PROGRAM**

a) **Inhoud**
Die graad R klasse volg die CAPS kurrikulum.
Die grade vooraf se kurrikulum is so geformuleer dat dit die graad R kurrikulum voorafgaan.
Dit is dus tot 'n kind se voordeel om reeds vanaf graad RRR by ons in te skakel.
Skoolhoof evalueer lesinhoud voortdurend.

b) **Oordrag van inhoud na ouers**
Dit sal geskied dmv die volgende:
- Briewe deur klasonderwyseresse oor kwartaal se program.
- Briewe deur die skoolhoof oor kinderontwikkeling.
- Ouerskapwerkswinkels.

c) **Vermoëns**
Daaglikse waarneming om te sien of kleuter self kan handhaaf in dagprogram.
Indien klasonderwyseres ervaar dat kleuter nie bybly nie, word skoolhoof daarvan in kennis gestel.
Skoolhoof neem waar en besluit saam met onderwyseres op aksieplan.
Onderwyseres maak afspraak met ouers en maak voorstelle.
Volg op of ouers raad gevolg het, indien nie, maak skoolhoof afspraak met ouers, saam met onderwyseres en weereens word voorstelle gemaak.
Onderwyseres en skoolhoof bly beide op hoogte van kleuter se vordering.

2. EVALUERING

a) Groepassessering

Deurlopende assessering.
Kwartaalverslag aan gr Re.
Halfjaarlikse verslag aan ander groepe.
Opgeleide personeel.
Terugvoer aan ouers deur verpligte oueronderhoude in middel van jaar.

b) Skoolgereedheidstoets

Skoolgereedheidstoetse word in Meimaand afgeneem, sodat daar aan uitvalle gewerk kan word.
Hertoetsing vind plaas in September.
Oueronderhoude word gehou om die uitslae te bespreek en intervensies voor te stel.
Indien kleuters nie skoolgereed is nie, sal die nodige reëlings en dokumentasie deur die skool hanteer word om skoolvrystelling te verkry.

- Pretoria Universiteit Groeptoets deur opgeleide personeel afgeneem
  - bekostigbare opsie
  - in samewerking met skoolhoof wat verslae doen
- Ag-a-pe toets deur Arbeidsterapeut
  - duurder opsie

c) Ander

Spelterapie, Arbeidsterapie en Spraakterapie aanbevelings sal deur onderwyseresse gemaak word in oorleg met die skoolhoof.
Vroeë intervensie van kardinale belang.
Arbeidsterapiesiftingstoetse moet by die arbeidsterapiesentrums afgeneem word.
Arbeidsterapeute is ook bereid om goedkoper siftings te doen in oorleg met die skoolhoof en onderwyseres (veral omdat koste van evaluerings so hoog is).
Arbeidsterapeut kan weer verwysings doen na ‘n Biokinetikus.
Groepsessies kan by die skool aangebied word

6 – 8 kinders in groep
Aspekte in groepsessies hanteer:

i. Aandag, konsentrasie, opdraguitvoering, luistervaardighede en geheue
ii. Grof- en fynmotories
iii. Emosioneel

As personeel van Kontiki is ons hoofprioriteit om kleuters skoolgereed te kry. Dit begin reeds by skooltoetrede die jaar wat die kleuter 4 word. Dit sluit in die identifisering van probleme, die reël en opvolging van intervensies.